Die Downsindroomvereniging van Namibië (DSAN) het op Rehoboth gaan kuier en 'n ondersteuningsgroep op die dorp begin. FOTO FACEBOOK

DSAN kuier op Rehoboth

Die Downsindroomvereniging van Namibië (DSAN) het Saterdag op Rehoboth gekuier om bewustheid oor hul werksaamhede by inwoners op die dorp te kweek.

Die kuier was so suksesvol dat die ouers van Leane, Shamikah, Vernon, Rurmachen en Ndinelao besluit het om 'n Downsindroomondersteuningsgroep vir ouers op die dorp te begin. Ouers en versorgers wat graag by die groep wil aansluit, kan vir Katharina by 081 261 1313 of per e-pos by pham@iway.na kontak. Die groep se eerste ontmoeting vind op 27 Februarie om 19:00 by die Lebensschule op Rehoboth plaas.

DSAN het in 'n verklaring beklemtoon dat die bemagtiging van ouers en versorgers 'n belangrike sleutel vir mense met Downsindroom is om sodoende toegang tot gesondheid en onderrig, werkgeleenthede en verdere ondersteuning te kry. Ten spyte van verskeie uitdaging kan mense met DS baie in die lewe bereik, sou hulle ondersteuning vanaf 'n jong ouderdom ontvang.

Meer inligting oor DSAN kan op hul webtuiste, www.downsyndromenamibia.org verkry word.